higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

(4110033)

21 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

029Q1E2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die organisasiestruktuur maak dit moontlik dat die verantwoordelikheid vir verskillende funksies en prosesse aan verskillende entiteite toegewys word.

1.1.2 Organisasies kan op baie verskillende maniere gestruktureer word, afhangend van hul doelwitte.

1.1.3 Burokratiese organisasies is onpersoonlike werkplekke.

1.1.4 Die akroniem, WVF, staan vir die Werkloosheidversekeringsfonds.

1.1.5 Die akroniem, NUMSA, staan vir die National Union for Mechanics of South Africa.

1.1.6 Burokratiese strukture kan kreatiwiteit en innovering deur die hele organisasie heen ontmoedig.

1.1.7 Administratiewe prosedures, reëls en beleide kom in alle burokratiese organisasies voor.

1.1.8 'n Organisasiestruktuur bepaal hoedat aktiwiteite soos taaktoewysing, koördinering en toesighouding vir die bereiking van organisatories(e) doelwitte gerig word.

1.1.9 Nywerheidsverhoudinge by die werk verwys na die stelsel van indiensnemingswette wat die regte en verpligtinge van werknemers in die werkplek reguleer.

1.1.10 Topvlakbestuurders in burokratiese organisasiestrukture het nie baie beheer oor strategiese organisatoriese besluite nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Yskor; ArcelorMittal; USKO; Suid-Afrika; Amcor; WNNR; MMA; NOK; Sertifisering; SAQI; SABC; Ouditering; Saldanha Steel; ISO 9001; SABS; New Castle Works

1.2.1 … is Suid-Afrika se grootste staalprodusent.

1.2.2 … is in 1928 gestig en is in 1989 op die JSE Sekuriteitebeurs gelys.

1.2.3 … beklee die agtste posisie in die wêreld wat die produksie van aluminium betref.

1.2.4 … is in 2002 100% by Yskor geïnkorporeer.

1.2.5 … is 'n organisasie wat verseker dat daar aan bepaalde standaarde voldoen word.

1.2.6 … is in 1937 in Vereeniging gestig.

1.2.7 ... is 'n organisasie wat in 1945 op grond van 'n parlementswet gestig is en op sy eie in Pretoria bestaan.

1.2.8 ... is Suid-Afrika se grootste instelling vir ontwikkelingsfinansiering.

1.2.9 Die SABS bied ook toetsing en ... -dienste vir ondernemings aan.

1.2.10 ... is 'n nie-winsgewende organisasie wat daarop gerig is om die gehalte van Suid-Afrikaanse produkte te verbeter.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Noem die leierskapstyl wat elke stelling hier onder die beste beskryf. Skryf slegs die woord, ‘Laissez-faire’, ‘Outokraties’, ‘Demokraties’ of ‘Charismaties’ langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

2.1.1 Hierdie bestuurder bly verhewe bo die groep.

2.1.2 Hierdie bestuurder gee opdragte nadat hy/sy gesprekke met die groep gevoer het.

2.1.3 Hierdie bestuurder laat personeellede toe om hul eie diskresie te gebruik.

2.1.4 Hierdie bestuurder gee opdragte en dring daarop aan dat take presies soos opgedra, uitgevoer word.

2.1.5 Hierdie bestuurder dink dikwels innoverend en is bereid om risiko's te neem.

(5 × 1) (5)

2.2 Verduidelik die volgende eienskappe van 'n goeie leier kortliks:

2.2.1 Organisasievaardighede

2.2.2 Kommunikasievaardighede

(2 × 4) (8)

2.3 'n Informele leier kan die beste leier in die groep wees weens die feit dat die groep hom/haar natuurlik gekies het.

Tabelleer TWEE voordele en TWEE nadele met betrekking tot informele leiers. (5)

2.4 Omskryf die term, *produksie*, soos dit in die *Meaning of Work* uiteengesit is. (2)
[20]

VRAAG 3

3.1 Wanneer 'n maatskappy gestig word, moet sekere dokumente na die Registrateur gestuur word.

Noem VIER van hierdie dokumente wat deur die Registrateur vereis word. (4)

3.2 In 'n buitengewone vennootskap mag die vennote se name openbaar gemaak word.

Noem VIER tipes buitengewone vennootskappe. (4)

3.3 Verskeie goed kon daartoe bydra dat die vennote in 'n vennootskap besluit om die vennootskap te ontbind.

Noem VIER moontlike oorsake van die ontbinding van 'n vennootskap. (4)

3.4 Enige goeie toesighouer behoort te weet hoe om probleme met menseverhoudinge te hanteer. Goeie kommunikasievaardighede speel altyd 'n belangrike rol in dié verband.

Noem AGT belangrike punte wat 'n mens tydens direkte kommunikasie (van aangesig tot aangesig) moet onthou. (8)
[20]

VRAAG 4

4.1 Kies VYF gevolge van swak toesighouding in die werkplek uit die stellings hier onder. Skryf slegs die VYF sinne langs die vraagnommer (4.1) in die ANTWOORDBOEK neer. 'n Korrekte volgorde is nie nodig nie.

- Die aantal gevalle van COVID-19 by die werkplek sal vinnig verminder.
- Produksievlakke sal daal indien werkers nie veilig voel nie.
- Die maatskappy se omset sal nie deur lae produksie beïnvloed word nie.
- Die werkers sal deurlopende griewe by die bestuur aanhangig maak.
- Sommige werkers mag bedank as gevolg van moontlike gevare.
- Die maatskappy sal daarvoor aanspreeklik wees om werknemers wat weens 'n onveilige werkplek beseer word, te vergoed.
- Indien die maatskappy volgens 'n lisensie werk wat vereis dat die maatskappy aan sekere vlakke van veiligheid moet voldoen, sal daardie lisensie hernu word.
- Werkers sal nie staak nie.
- Toesighouers en werkers sal 'n salarisverhoging en spesiale bonusse van die werkgewer ontvang.
- Meer ongelukke in die werkplek sal aangemeld word. (5)

4.2 Bespreek SES voordele daarvan om 'n eenmansaak op die been te bring. (6)

4.3 'n Goeie leier beskik oor sekere eienskappe.

Noem SEWE eienskappe waaroor 'n goeie leier moet beskik. (7)

4.4 Skryf die akroniem, WNNR (CSIR), voluit. (2)

[20]

VRAAG 5

5.1 Bespreek VYF vlakke in die struktuur van 'n burokratiese organisasie. (5)

5.2 'n Persoon wat oor leierseienskappe beskik sal slegs aangestel word om toesig te hou indien hy/sy deurlopend bewys het dat hy/sy betroubaar is.

Bespreek die volgende kategorieë van betroubaarheid van 'n potensiële toesighouer:

5.2.1 Stiptelikheid

5.2.2 Eerlikheid

5.2.3 Goeie besluitnemer

(3 × 3) (9)

5.3 Verskillende situasies vereis verskillende style van toesighouding.

Verduidelik die volgende style van toesighouding:

5.3.1 Groepgerigte toesighouding

5.3.2 Taakgerigte toesighouding

5.3.3 Deelnemende toesighouding

(3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou